# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

Department of Education * Umkhandlu We Mfundo * Kgoro Ya Thuto * Departement van Onderwys *
GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

## FEBRUARY / MARCH
### *FEBRUARIE / MAART*

## 2005

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel: Letterkunde)

SG 102-2/2

17 bladsye

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL SG: Vraestel 2

102 2 2 SG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS.**

**AFDELING A**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| ***Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee)** | | |
| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | |
| **Vraag 1** | | 3 |


**AFDELING B**


| | | |
|---|---|---|
| **Poësie** | | |
| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | |
| **Vraag 2** | **Eksamen** | 7 |
| **Vraag 3** | **Melkkantien** | 8 |
| **Vraag 4** | **Hansie en Grietjie** | 10 |


**AFDELING C**


| | | |
|---|---|---|
| ***Kinders van die aarde* (Charles Fryer)** | | |
| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | |
| **Vraag 5 – 6** | | 11-15 |


**AFDELING D**


| | | |
|---|---|---|
| ***Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)** | | |
| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | |
| **Vraag 7** | | 15 |


---

## AFDELING A

### NOVELLE: *Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee

### VRAAG 1

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.

### SAUL EN PATTERSON

> Teen middernag het hy geweet dat MacDonald eintlik vir Patterson laat kom het om rifgoud te soek.
>
> ϖ ϖ ϖ
>
> "MacDonald het gesê ek hoef my nie aan jou te steur nie, jy praat nie Engels nie en jy is maar dom. Dit lyk my MacDonald het hom misgis."

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

1.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Patterson het van Engeland / Australië / Ierland af gekom. (1)

1.2 Wie het vir Saul werk aangebied by 'n goudmaatskappy? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Saul verkoop sy eerste goud aan Barkley. Daarna gaan verkoop hy dit in ....

A. Knysna.
B. George.
C. Swellendam.
D. Kaapstad. (1)

1.4 Watter apparaat wat Patterson by hom gehad het, het Saul sommer vinnig geleer hanteer? (1)

1.5 Hoekom het Patterson nie van die Bos gehou nie? Hy het aan _________ gely. (1)

1.6 Pas die antwoord in **KOLOM B** by die stelling in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 Oupoot en 'n jong bul | A. Osborne |
| 1.6.2 Oom Martiens Botha en sy span | B. Volgens hom is dit net die moeite werd om spoelgoud in die Bos te werk |
| 1.6.3 Arend Botha | C. Hulle is ook in die Bos |
| 1.6.4 Patterson | D. Bloedvergiftiging |
| 1.6.5 Hy stem nie saam met Patterson oor die goud in die Bos nie | E. Saul hat daar gaan hulp soek, want daar was iets ernstigs met Patterson verkeerd |

(5)
**[10]**

**EN**

**KATE EN SAUL**

> Kate.
> Sy was 'n droom. 'n Kind wat met haar kop in storieboeke geleef het, met haar verbeelding vir haar mense uit stories gehaal het en hulle met vlees en bloed aangetrek het. Soos hy. Oor 'n jaar of twee, wanneer sy groot is, sal sy haar storieboekmense afsterf en sal sy agter kanthandskoentjies saam met die ander van haar soort giggel as die boswaens die dorp inkom. Maar Saul Barnard sal nie op die wa wees nie. Dit sweer hy.

1.7 Kate lyk vir Saul soos 'n _________ moet lyk toe hy haar die eerste keer gesien het. (1)

1.8 Kate vergelyk Saul met _________ 'n skrywer van storieboeke. (1)

1.9 Wat het Kate in Meulbos kom doen toe sy "groot" was? (1)

1.10 "All woodcutters are wild and dirty and so are their children."

Wanneer het Kate hierdie woorde die eerste keer teenoor Saul gebruik? (2)

1.11 Drie antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE?

Waarom sou Saul nie op 'n houtkapperswa wees nie? Omdat hy ....

A. nie soos sy pa 'n slaaf vir MacDonald wou wees nie.
B. nie 'n pad wou loop wat nêrens uitkom nie.
C. Engeland toe gegaan het.
D. nie meer kout kap nie. (1)

1.12 Wat het Saul een maal op die Bybel gesweer? Voltooi deur die regte woorde in te vul:

Die dag sal kom waarop sy 1.12.1 ___________ nie meer deur sy skoene sal peul nie, die dag dat Saul Barnard nie met sy 1.12.2 _________ in die stof sal loop nie. (2)

1.13 Watter boek waaruit Kate en Saul Engels leer lees het, het hy later in sy skerm op die boekrak gehou? (1)

1.14 Watter wens wat Kate van jongsaf gehad het, het later uiteindelik waar geword vir haar? (1)

**[10]**

**EN**

**SAUL BARNARD EN DIE BOSMENSE**

> "Ek wil nie jou geld hê nie!" Oom Martiens is skielik vyandig en trots soos 'n berg.
>
> ϖ ϖ ϖ
>
> "Oom vat die geld vir die kos of ek wil die kos nie hê nie."

1.15 Kies die KORREKTE antwoord.

Waarom wou oom Martiens nie Saul se geld vat nie? Oom Martiens sê ....

A. Saul is 'n vreemdeling.
B. Saul is 'n verraaier.
C. bosmense help mekaar.
D. Saul hoort nie meer daar nie. (1)

1.16 Sanna het 'n vorige keer ook vir Saul kos gegee. Wat het sy vir hom gegee om te eet? (2)

1.17 Waar het Sanna toe gewoon? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord.

Na watter belangrike gebeurtenis het sy vir die eerste keer daar kom woon? Na die ....

A. dood van Maria en Sara Barnard.
B. groot vuur in die Bos.
C. dood van Joram Barnard.
D. haar besoek aan Knysna. (1)

1.19 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê hoekom jy so sê.

Toe Saul vir Sanna vir die kos betaal, het sy die geld van die tafel af gegryp en die ongeloof het soos angs in haar oë gestaan. (2)

1.20 Wie het vir Sanna gesê sy mag maar daar aanhou woon? (1)

1.21 Wie het een keer geweier om vir Saul kos saam met Maska te stuur? (1)
**[9]**

**EN**

**SAUL EN AREND**

| "Van alles wat julle kon. Vir Arend ook." |
|---|

1.22 Waarvoor, behalwe vir Arend se dood, het die houtkappers Saul ook blameer? (2)

1.23 Wat het sy broer Jozef hom genoem toe hy hom beskuldig het dat hy vir Harison spaai? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord.

Toe hulle Knysna binnegaan, het Arend in 'n _____________ getrap.

A. gebreekte glasstuk
B. geroeste stuk yster
C. geroeste perdeskoenspyker
D. in 'n plas water (1)

1.25 Hoe lank na die besering is Arend dood? (1)

1.26 Waaraan is Arend uiteindelik dood? Gee net EEN WOORD. (1)
**[6]**

**EN**

| "Ek is nie melaats nie en my geld is nie gesteel nie." |
|---|

1.27 Wat het Saul ryk gemaak? Gee net EEN WOORD. (1)

1.28 Hoe lank het Saul gewerk waar hy ryk geword het? (1)

1.29 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is.

Toe Saul twee jaar lank vir MacDonald gewerk het, het hy geen betaling ontvang nie. (1)
**[3]**

**EN**

| "êrens in 'n boom hou 'n bosduif op met koer." |
|---|

1.30 Kies die KORREKTE antwoord.

Die ______________ het volgens die bosmens die olifante gewaarsku as daar gevaar of mense naby was.

A. bosduiwe
B. loeries
C. spreeus
D. visvanger (1)

1.31 Watter boomsoort was die skaarste in die Bos en is ook die koningshout genoem? (1)

**[2]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## POëSIE

- Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2
### *EKSAMEN* – Annesu de Vos

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**(Uit: *Gebed van 'n groen perske en ander verse,* Tafelberg)**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 Noem DRIE vakke wat in die gedig genoem word. (3)

2.2 TWEE van die stellings voltooi die sin korrek. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Twee aspekte wat die spreker in Biologie bestudeer het, is _________ .

A. die lêboor van die wyfiiesprinkaan
B. klimatologie
C. die lewensiklus van die mielieboorwurm
D. die Franse Revolusie (2)

2.3 Wie is in die gedig aan die woord? (1)

2.4 Watter EEN WOORD in die gedig sê dat die student deurmekaar raak? (1)

2.5 Alles wat die spreker gestudeer het, het uiteindelik voltooiing in die ___________ van sy kop gevind. (1)

2.6 In Geskiedenis leer die spreker van die __________ .

A. wyfiesprinkaan
B. Franse Revolusie
C. veilige vesting
D. hamerslae van jou kop (1)

2.7 Haal TWEE APARTE WOORDE uit die gedig aan wat moontlik na die student se hoofpyn verwys. (2)

2.8 Slaap is soet volgens die gedig. Daarom kan ons dit met _______ vergelyk. (1)
**[12]**

**EN**

## VRAAG 3
## *MELKKANTIEN* – Elisabeth Eybers

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

**(Uit: *Gedigte 1936-1958*, Tafelberg)**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Na wie verwys die volgende in die eerste versreël?

3.1.1 Hier (1)
3.1.2 Sy (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

3.2.1 Alles in die melkkantien is ....

A. verweer.
B. hard.
C. glim.
D. vuil. (1)

3.2.2 Die vrou se kneukels word vergelyk met ....

A. tamatiesap.
B. haar onvriendelikheid.
C. haar verrimpelde gelaat.
D. haar swaarkry. (1)

3.2.3 Hierdie vrou werk in die melkkantien as 'n ....

A. spreker.
B. bestuurder.
C kelnerin.
D. student. (1)

3.3 Gee TWEE woorde wat die jong kelnerinne se gesigte beskryf. (2)

3.4 Hoe het die smart/swaarkry die vrou beïnvloed? Sy was ___________ en ________. Gee TWEE APARTE woorde. (2)

3.5 Die woord **gelaat** beteken dieselfde as ___________ . (1)

3.6 Waarna was die spreker op soek? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

**Oorstelp** beteken ....

A. help.
B. min.
C. oorval.
D. lui. (1)

3.8 Waar is die apteek volgens die vrou? (1)

3.9 Watter WOORD in die eerste agt reëls sê vir ons dat die ou kelnerin ook deel is van die Melkkantien? (1)

3.10 Toe die ou kelnerin gevra word waar 'n apteker is, het sy nie net gesê: "om die hoek" nie, maar ook __________. Kies die korrekte antwoord.

A. gelag
B. gehuil
C gevloek
D. beduie (1)

**[15]**

**EN**

## VRAAG 4
## *HANSIE EN GRIETJIE* – Eveleen Castelyn

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die
kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en -pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjie sement
ver van die huis af.

**(Uit: *Tussen hemel en aarde*)**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

... **aan die kant van die son** verwys eintlik na waar die spreekster woon en waar baie woonstelle is, nl. ....

A. Sunnyside
B. Woodlands
C. Parkwood
D. Langeweg. (1)

4.2 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die kinders in die gedig woon in die nuutste model. (2)

4.3 Voltooi: In die sprokie het die kinders ___4.3.1___ huis toe gegaan, maar in die gedig het hulle van die huis af ___4.3.2___ . (2)

4.4 Pas die woord / woorde in **KOLOM B** by die woorde/karakters in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.4.1 Woud | A. Straatligte |
| 4.4.2 Honderde kersies | B. Stadskinders |
| 4.4.3 Ysterswaan | C. Stad |
| 4.4.4 Hansie en Grietjie | D. Motor |
| 4.4.5 Heks in die gedig | E. Hulle huil die hele dag |
| 4.4.6 Ongelukkig | F. Paaie |
| 4.4.7 Riviere teer | G. 'n Hysbak |
| 4.4.8 Opgehys | H. Dagmoeder |

(8)
**[13]**
**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C

**KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

- Beantwoord AL die vrae in die AFDELING.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5
***DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee**

> "Ek sê vir jou, 'n ou vrou kan 'n lawwe ding wees. En in hierdie plek sal 'n man moet keer of jou hoed is af."

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Noem die plek waar Jakob en Willem gewoon het. (1)

5.2 Voltooi die sin

Jakob en Willem was soos twee ....

A. familielede.
B. broers.
C. vennote.
D. kenisse. (1)

5.3 Hoe oud was die twee ou manne? (1)

5.4 Gee EEN rede hoekom Jakob elke dag stiptelik om halfses die kamerdeur toegemaak het. (1)

5.5 Wie se motor was dit wat die twee ou manne gebruik het? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Dit was Willem wat vir die motor se _________ gesorg het.

A. brandstof
B. wiele
C. lisensie
D. onderhoud (1)

5.7 Gee die name van die volgende karakters:

5.7.1 Aan die muur hang die portrette van **sy** twee afgestorwe vroue. (1)
5.7.2 **Hy** het nooit getrou nie. (1)

5.8 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

5.8.1 Sarah het sin vir Willem gehad. (1)
5.8.2 Dit was na een van die oudste inwoners van die Rusoord se dood dat Jakob en Willem die ooreenkoms gemaak het. (1)

5.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die ANTWOORD neer.

Die ooreenkoms was dat die een wat eerste doodgaan die _________ moet kom gee.

A. teken
B. simbool
C. spook
D. voorbeeld (1)

5.10 Wie van die twee mans het eerste doodgegaan? (1)

5.11 DRIE stellings is NIE korrek NIE. Watter stelling voltooi die sin korrek? Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

_________ maande later is hy na drie dae in die hospitaal oorlede.

A. Sewe
B. Vyftien
C. Nege
D. Twee (1)

5.12 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die NOMMER en die ANTWOORD neer. Kies jou antwoorde uit die volgende lysie woorde:

| |
|---|
| lol, Dinsdagoggend, lig, nag, seker, Willem, heeltemal |

Die 5.12.1 kom hy agter dat hy tog die 5.12.2 'n ruk geslaap het. Hy sal nog 'n paar nagte die 5.12.3 laat brand, net om 5.12.4 te maak dat 5.12.5 rus. Eintlik kan dit 5.12.6 gaan deur die dag, behalwe dat ou Sarah al meer 5.12.7. (7)

5.13 Voltooi die sin.

__________ het nie gesê dat hy altyd bang was vir die spoke nie. (1)

5.14 Wat was Jakob se oorlede twee vrouens se name? (2)

5.15 DRIE van die stellings voltooi die sin korrek. Watter een is NIE korrek NIE? Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Na Willem se dood besef Jakob dat hy ....

A. Willem baie mis.
B. die lewe in die Rusoord haat.
C. bang was vir Willem se spook.
D. nie die kamer wil deel nie. (1)

5.16 Pas die woorde uit **KOLOM B** by die woorde in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 5.16.1. Rusoord | A. 'n Goeie man |
| 5.16.2. Die gebed wat Jakob gebid het | B. 'n Ou vrou |
| 5.16.3. ___ kan 'n lawwe ding wees. | C. die bottel nie oopgemaak word nie. |
| 5.16.4. Voor halfses kon ... | D. 'n Ouetehuis |
| 5.16.5. Willem was ... | E. Ons Vader wat in die hemel is |
| | F. Die kas bly gesluit. |

(5)
**[29]**

**EN**

## VRAAG 6
## *'N MAN KOM TUIS* – Chris Barnard

> Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, 'n klein koffertjie op die skoot, 'n week se baard op sy wange en 'n tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

6.1 Kies by elke vraag net die KORREKTE antwoord.

6.1.1 Vir die bestuurder het die pad hierdie dag te ....

A. lank begin word.
B. te kort geword.
C. interessant geword.
D. vroeg begin. (1)

6.1.2 Die bestuurder voel gewoonlik ................ alleen op 'n lang rit.

A. doodbang
B. doodgelukkig
C. doodmoeg
D. doodseker (1)

6.1.3 Die man wat wou saamry se naam is ....

A. Gert.
B. Petrus.
C. Gouws.
D. Andries. (1)

6.1.4 By die werk slaap Gouws in 'n ....

A. mooi groot huis.
B. tent.
C. sinkhuis.
D. motor. (1)

6.1.5 Gouws sê hy sien sy familie so een keer per ....

A. week.
B. jaar.
C. maand.
D. dag. (1)

6.2 Pas die stellings in **KOLOM B** by die name / stellings in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.2.1 Wilgerspruit | A. sal hom eerste gewaar. |
| 6.2.2 Gouws | B. is die kleinste en is drie jaar oud. |
| 6.2.3 Skurweberg | C. Gouws se familie bly daar. |
| 6.2.4 Gouws se huis… | D. Die koffertjie het oopgespring. |
| 6.2.5 Sienie | E. Hulle is nou besig met die pad soontoe. |
| 6.2.6 Die hond | F. Ses blokke van die hoofstraat af. |
| | G. is middeljarig. |

(6)
**[11]**
**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D
**NOVELLE: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg**

### VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in hierdie AFDELING.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

**WESSEL LATEGAN**

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Voltooi die paragraaf deur net die KORREKTE antwoord in te vul. Gebruik die woorde in die blokkie. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

| |
|---|
| debatsaand, Claasens, gesin, donkiewerk, konsert, Swanepoels, broers, skoolsake, hoofpos, Geskiedenis, universiteitsvriend, skoolmaat, vise-hoofpos, Afrikaans |

Monica glo dat haar man al die 7.1.1 ____________ vir Philip Uys doen. Vanaand kry hulle gaste, maar haar man gaan skool toe. By die skool het hulle 'n 7.1.2 _______ in die skoolsaal. Wessel het vergeet dat die 7.1.3 _________ by hulle kom kuier. Nic is 'n ou 7.1.4 _______ van Wessel. Monica glo dat Wessel se 7.1.5 ______ belangriker as sy 7.1.6 _________ is. Wessel voel sleg omdat hy sy vrou teleurgestel het en dink dat hy miskien volgende jaar moet aansoek doen vir 'n 7.1.7 _______ . Miskien kan hy haar laat beter voel. Wessel is tans 'n onderwyser wat 7.1.8 _______ gee by die skool. (8)

**EN**

**CASPER HEFER**

7.2 Lees die sinne deur en verbeter die foute in die sin.

7.2.1 Casper Hefer se pa en ma is gelukkig getroud. (1)
7.2.2 Casper se sportsoort waarin hy uitblink, is krieket. (1)
7.2.3 Bertrand Swart stel vir Casper aan die Mari-klub voor. (1)
7.2.4 Casper se familie is baie ryk. (1)
7.2.5 Casper se pa is 'n bekende chirurg. (1)
**[5]**

**EN**

**DAAN CLAASEN**

7.3 Voltooi: Daan Claasen bel vir Philip en vra vir hom of hy belangstel om 'n 7.3.1 ___________ te word op 'n klein plekkie met die naam van 7.3.2 _________ . (2)

7.4 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

7.4.1 Daan Claasen is familie van Philip Uys. (2)

7.4.2 Mnr. Uys se vrou is van die begin af tevrede dat hulle moontlik na 'n ander dorp gaan trek. (2)
**[6]**

**EN**

**BRAAM EN CASPER**

7.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Gee slegs die NOMMER en die KORREKTE ANTWOORD.

Casper se pa is 'n 7.5.1 (smid / masjinis) en sy pa se vriendin is 7.5.2 (tant Flori / tant Rita). (2)

7.6 Watter slegte gewoontes van Braam kan Casper nie aanvaar nie? Noem TWEE. (2)

7.7 Watter naam gee Braam vir homself en Casper? Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

A. Wit skape
B. Swart skape
C. Daggarokers
D. Stokkiesdraaiers. (1)
**[5]**

**EN**

## KARAKTERS

7.8 Lees die stelling deur en gee die naam van die KARAKTER wat bespreek word.

7.8.1 Madeline noem **hom** 'n verraaier en 'n spioen. (1)
7.8.2 **Afrikaanse onderwyser** by Kroondal. (1)
7.8.3 Na die dagga-episode het **hy** Kroondal verlaat. (1)
7.8.4 **Sproetgesig prefek**. (1)
7.8.5 Tom Hefer kuier by **haar**. (1)
7.8.6 'n **Kafee-eienaar**. (1)
7.8.7 Die hoof se seun het 'n vuisgeveg met **hom** gehad. (1)
7.8.8 Wessel se **vrou**. (1)
7.8.9 **Hy** het afgekyk toe hy 'n toets geskryf het. (1)
7.8.10 **Hy** het 'n maagsweer. (1)
**[10]**

**EN**

## CASPER HEFER

7.9 Casper het 'n beursie / noot opgetel. Waarheen wou hy dit neem? (1)

7.10 Wie het vir Casper met die beursie / noot in sy hande betrap? (1)

7.11 Wat sou hy met die geld kon doen as dit syne was? Noem TWEE feite. (2)

7.12 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Mnr. Lategan het gedink dat Casper die beursie / noot gesteel het. (2)

**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**